



Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Maart 2008
Jaargang 100 Nummer 16



In hierdie uitgawe

- BI 1 Die Hervormde Kerk voor nuwe uitdagings
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysers:** Kruis en opstanding ingrypend vir ons geloof
Versoening is moontlik!
- BI 3 **Rade en komitees 2008**
Raad vir Kerk en Wêreld – die Kerk in gesprek (Dr Gert Malan)
Toerusting vir ampsdraers (Kursus vir diakens en dienswerkers)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Bediening in Zimbabwe (Dr Gerhard Lindeque en dr Fanie Pretorius)
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**
Jong Hervormer maak geskiedenis
Dowes ontvang eie Bybel
- BI 7 **Gespreksforum**
Geloof en die Evolusieteorie – bereid tot verantwoording
(Dr Daan van Wyk sr)
Ds JJ Kühn en dr HCM Fourie (Ds Rudi Schoeman)
- Agterblad **Oordenking**
Kruis en graf, lewe uit die dood (Dr Jan Barkhuizen)

Die Hervormde Kerk voor nuwe uitdagings

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering doen verslag oor hul onlangse werkwinkel:

Die Kommissie van die AKV het besluit om aan die begin van hulle termyn 'n werkwinkel te hou om, gegewe die huidige klimaat in die Kerk, doelwitte te formuleer waaraan aandag gegee moet word. Die werkwinkel het dus nie die vorm aangeneem van die bekende stappe van 'n strategiese beplanning nie, maar was 'n geleentheid om as Kommissie met mekaar in gesprek te tree oor die verskillende standpunte in die huidige kerklike debat. Die Kommissie is diep onder die indruk van persepsies en selfs onrus wat al voor die afgelope AKV ontstaan het en steeds onder lidmate van die Kerk bestaan oor sake soos kerkeenheid, die Kerk se lidmaatskap van ekumeniese organisasies en die volkskerkgedagte. Besprekings tydens die werkwinkel het derhalwe op dié sake en aanverwante aangeleenthede gefokus.

Dit was duidelik dat die Hervormde Kerk inderdaad voor die uitdaging te staan gekom het om heling in eie geledere te bring. **Prof Theuns Dreyer** beklemtoon dat heling slegs moontlik is indien ons bereid is om as medegelowiges:

- die waardes van die evangelie van Jesus Christus hoër te ag as ons eie vooropgestelde idees;
- mekaar se *bona fides* te aanvaar;
- mekaar nie verder verdag te maak of te etiketteer nie;
- die ruimte te skep om binne die kontoere van ons teologie van mekaar te verskil;
- deur gespreksvoering op alle vlakke die bakens van ons teologiese etos te identifiseer;
- die besluite van die AKV te eerbiedig, al stem ons nie in alle opsigte daarmee saam nie;
- ons kritiek te temper deur ons liefde vir en solidariteit met ons Kerk, wat ons almal se geestelike tuiste is; en
- te besef dat die tyd en omstandighede waarin ons onself bevind nuwe eise en uitdagings aan ons stel wat ons nie langer kan ignoreer nie.

As ons dit kan regkry, is daar hoop vir die Hervormde Kerk.

Prof Piet Geyser vra in sy redaksionele berig hoe die kragtige werking van die Heilige Gees na vore kom in ons lewens as die mense wat nou bely ons behoort aan die Here.

Hierdie jaar is Maart die maand vir Paasfees. Die simboliek van die voorblad wil ons herinner aan die ontsaglike prys wat God se liefde moes betaal sodat ons vrygekoop kon word. Saam met die oorwinning wat deur die opstanding bevestig is, behoort ons nou ten volle aan God en bely ons Jesus Christus as ons Here. Dit is minstens een van die maniere (metafore) waarmee die boodskap van kruis en opstanding deur veral Paulus verduidelik word. Hierdie boodskap het diep ingrypende gevolge vir die verstaan van ons elkeen se geloofslawe en vir ons verstaan van wat dit beteken om deel te wees van die kerk van Christus.

Op grond van die Woord bely ons die betekenis van kruis en opstanding. Op grond van die Woord bely ons dat ons glo (aan) 'n heilige, algemene, Christelike kerk. Hierdie belydenis raak die hele Kerk en al die lidmate individueel. Daarom is dit so belangrik dat hierdie aspekte ook aangedui word as die aspekte waaraan daar in die volgende paar jaar vanaf die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en van die Raad vir Kerk en Wêreld tot op die vlak van ouderlingevergaderings in die gemeente indringend aandag gegee moet word.

Dit gaan oor ons verstaan van die Woord en die aard van die Skrifgesag. Hoe word ons geloof werklik daardeur gevorm in Jesus Christus die Here en in God, en hoe kom die kragtige werking van die Heilige Gees na vore in ons lewens as die mense wat nou bely ons behoort aan die Here?